

GOD HET DIE MENS AS KROON VAN DIE SKEPPING GEMAAK

8 Skepping 1

BYBELGEDEELTE(S): Genesis 1 en 2

KERNVERS: Genesis 1:26 'Kom ons maak die mens ... sodat hy kan heers oor die vis... die voëls ... en die diere.'






TERUGVOERING

- Wat het jou ouers/ voogde gesê toe jy oor verlede keer se Vasvra met hulle gesels het?
- Noem die boeke van die Bybel tot by Hooglied.




VANDAG SE ONTMOETING

1. Wat sal jy die langste van vandag se boodskap onthou en hoekom?
2. God het volgens Genesis 1 se beskrywing van die skepping vorm en inhoud aan die wêreld gegee. Teken in die onderstaande sirkels op watter manier dit maklik is om te onthou wat die vorm was wat God tydens die eerste 3 dae aan die skepping gegee het en wat die inhoud was wat Hy op die laaste 3 dae daaraan gegee het.


VORM



INHOUD



3. Alhoewel die beskrywing van die skepping in Genesis 1 en 2 van mekaar verskil, is die boodskap van albei steeds dieselfde. Dit is soos twee verskillende take oor dieselfde tema. In Genesis 1 word die mens as die toppunt van die skepping beskryf en in Genesis 2 as die middelpunt van die skepping. (Vergelyk die sketse hieronder.) Wat, dink jy, is dieselfde boodskap wat die verskillende skeppingsbeskrywings in Genesis 1 en 2 vir ons wil mededeel?



Dieselfde boodskap van Genesis 1 (mens as toppunt van die skepping) en Genesis 2 (mens as middelpunt van die skepping) is ...

4. Die verskillende skeppingsbeskrywings in Genesis 1 en 2 beteken nie dat die een reg en die ander verkeerd is nie. Die Bybel kan homself nie weerspreek nie! Weer eens, dis soos twee take oor dieselfde tema wat anders is. Dink jy daarom dat die volgorde van die skepping in Genesis 1 noodwendig reg is? Hoekom sê jy so? Maak dit saak?
5. As alle mense daarom die belangrikste in God se skepping is, hoe behoort ons op te tree teenoor alle ander mense, soos bv mense van ander kulture en gestremdes? Doen ons dit altyd? Hoekom?

TUISAKTIWITEITE

- Wys jou Kletsboek vir jou ouers/ voogde en teken weer vir hulle hoe God op die eerste 3 dae vorm en op die volgende 3 dae inhoud aan sy skepping gegee het. Wys ook vir hulle die sketse by vraag 2 en verduidelik aan hulle dat Genesis 1 en 2 'n beskrywing van dieselfde skeppingsgebeure is, maar net op 'n ander manier en dat Genesis 1 die mens as die toppunt van sy skepping beskryf en Genesis 2 as die middelpunt van sy skepping.
- Nommer die begin van die skeppingsdae van nommer 1 tot 7 in jou Bybel by Genesis 1 tot Genesis 2:4.
- Leer die volgende boeke van die OT by dié wat jy reeds geleer het vir aanstaande Sondag: Jesaja tot Esegieël.